Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 ✉ 58 hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 HUMANSDORP admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za 6300 accounts@stulting.co.za

2022-01-18

Geagte Ouers

NUUSBRIEF 1/2022

Welkom terug na die feesseisoen. Ons hoop dat die 2022 akademiese jaar minder uitdagings sal inhou as die afgelope twee jaar. Ons beplan vir ‘n “normale” skooljaar en is baie opgewonde oor die geleenthede wat voorlê.

Ek wil egter my waardering uitspreek teenoor die wyse waarop ons personeel saam met u en u kinders hierdie pandemie en gepaardgaande ontwrigtende tyd tot dusver hanteer. Bly asseblief veilig aangesien ons nog nie COVID-19-vry is nie en die pandemie steeds ernstige gevare inhou.

ALGEMENE COVID-19 PROTOKOLLE

Sifting: Sifting vind soggens vanaf 07:00-07:30 by die skoolingange plaas. Neem asseblief kennis dat die siftingtye op Woensdag (19 Januarie) vanaf 07:00-08:00 sal wees. Sifting behels die meet van die leerder se temperatuur, ‘n kort vraelys t.o.v. leerder-simptome wat ervaar word asook die sanitering van die leerders se hande.

Algemene higiëne protokol (voor-, tydens- en na-skool)

- Bly tuis as jy siek is.
- Hoes en nies in gevoude elmboog.
- Gebruik tissues en gooi dit dadelik weg.
- Vermy alle fisiese kontak.

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

- Fisiese afstand van 1m moet deurgaans gehandhaaf word.
- Maskers en / of gesigskerms moet deurgaans gedra word.
- Vermy die aanraak van oë, neus en mond.
- Was hande gereeld en deeglik met seep en water en / of gebruik handsaniteerders.
- Ontsmet werksoppervlaktes en artikels wat gereeld aangeraak word.

AKADEMIE

Akademiese skooljaar 2022: Skole heropen met 'n aangepaste begin tyd van 08:00 op Woensdag 19 Januarie vir alle leerders. Normale skoolure begin op Donderdag 20 Januarie en is as volg:

Gr. RR-2:	07:30 – 13:02
Gr. 3:	07:30 – 13:32
Gr. 4-7:	07:30 – 14:00

Skoolingange:

Gr. RR-3:	Piet Uysstraat (07:00-07:30)
Gr. 4-7:	Heughstraat (07:00-07:30)

Skooluitgange:

Gr. RR-3:	Piet Uysstraat (13:00)
Gr. 4-5:	Piet Uysstraat (14:00)
Gr. 6-7:	Heughstraat (14:00)

Buite hierdie tye, word toegang deur die skoolkantoor hanteer.

Leerders wat vir die eerste keer Stulting bywoon: Alle nuwe leerders wat reeds deur die skool aanvaar is moet op Woensdag 19 Januarie tussen 07:00 en 08:00 by die skoolsaal aanmeld. Gebruik asb die Piet Uysstraat ingang (Skoolsaalhek).

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

Daar sal om 08:15 in die skoolsaal ‘n kort saalbyeenkoms wees vir alle nuwe leerders. Ouers van nuwe leerders is welkom om dit by te woon.

<u>Eerste skooldag prosedure:</u>

Gr. RR: Ingang in Piet Uysstraat tussen 07:00-08:00.
Een ouer per leerder word toegelaat om die leerder na die Gr. RR klassie te vergesel.
Juf. Shene ontvang leerders en voltooi die COVID-19 Protokolle.

Gr. R: Ingang in Piet Uysstraat tussen 07:00-08:00.
Een ouer per leerder word toegelaat om die leerder na die Gr. R klassie te vergesel.
Juf. Rienie en Joselle ontvang leerders en voltooi die COVID-19 Protokolle.

Gr. 1-3: Ingang in Piet Uysstraat tussen 07:00-08:00.
Slegs ouers van Gr. 1- en nuwe leerders wat die saalbyeenkoms in die skoolsaal gaan bywoon mag die skoolterrein betree.
Buiten bg. ouers word geen ander ouer op die skoolterrein toegelaat nie.
COVID-19 protokolle vind deurgaans plaas.

Gr. 4-7: Ingang in Heughweg tussen 07:00-08:00.
Nuwe leerders moet die Piet Uysstraat ingang gebruik en by die skoolsaal aanmeld.
Slegs ouers van nuwe leerders wat die saalbyeenkoms in die skoolsaal gaan bywoon mag die skoolterrein betree.
Buiten bg. ouers word geen ander ouer op die skoolterrein toegelaat nie.
COVID-19 protokolle vind deurgaans plaas.

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

Skooldrag: Alle leerders woon skool vanaf Woensdag 19 Januarie tot Vrydag 21 Januarie in hul skool sportdrag by. Gr. 1's dra op Woensdag 19 Januarie hul volle skool somersdrag en op Donderdag en Vrydag hul sportddrag.

Ouer-onderwyservergaderings: Hierdie vergaderings begin om 18:00 in u kind se registerklasse. Ons versoek dat *slegs een ouer per leerder* die vergadering sal bywoon. Sifting begin reeds om 17:30. Maak voorsiening hiervoor en dra deurgaans asb. u masker. Toegang tot die skool hiervoor is as volg:

- Grondslagfase ouers: Piet Uysstraat ingang (By die saal).
- Intersenfase ouers: Heughstraat ingang
- Parkering: Piet Uysstraat, Heughstraat en op die rugbyveld.

Stulting Kodering en Robotikaklub: Neem kennis dat hierdie klub addisionele blootstelling sal gee aan leerders wat meer van die vak wil leer en ook aan nasionale kompetisies wil deelneem. Die klub is ook oop vir leerders van ander skole. Die klublesse vind op Maandae vanaf 16:00 tot 17:00 by die skool plaas teen R 100 per les. Kontak gerus die skool of die onderwyser in beheer, mnr. Tiaan (0785321436) vir meer inligting.

FINANSIES

Skoolgeld 2022: Baie dankie aan al ons ouers wat getrou tot die skoolfonds bydra. Die jaarlikse skoolgeld vir 2022 is: *R 15 306* (Gr. 1-7) en *R 15 972* (Gr. RR/R) per kind per jaar. 'n Eenmalige *boekfooi* van *R 500* (Gr. RR-7) is in Januarie betaalbaar.

Skoolgeld is vooruitbetaalbaar. Gebruik asb. die volgende bankbesonderhede vir maandelikse betalings: NEDBANK, Rek. #: 126 3020 119, Tak #: 126-317, Verwysing: U skoolfooiverwysingsnommer (verskyn op die skoolgeldrekeninge). Kontak asseblief die skoolkantoor by skoolfooie@stulting.co.za vir enige skoolfooie navrae.

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

KLEREWINKELURE

Addisionele tye: 18 Januarie: 08:00-10:00
19 Januarie: 08:00-10:00

Normale tye weejkliks vanaf 24 Januarie: Dinsdae: 07:15-08:15
Woensdae: 07:15-08:15

STULTING NASORGSENTRUM

Stulting se nasorgsentrum sal weer vanjaar daagliks ‘n volledige diens aan ons leerders en ouers voorsien. Skakel gerus die skoolkantoor of die onderwyser in beheer juf. Chantelle (0603567811) vir meer inligting.

Stultinggroete

C.J. Coetzer
SKOOLHOOF